

HOOFSTUK 4

TAALVAARDIGHEDE AS VOORVEREISTE VIR SUKSESVOLLE KOMMUNIKASIE

4.1 Inleiding

Taal is ongetwyfeld een van die belangrikste wyses van kommunikasie en betekenisvolle interaksie. Benderley, Gallagher en Young (1977:55) skryf:

Communication is one of the most important glues holding cultural systems together. Without the transmission of ideas, information and emotion the complex lives of people in a cultural system would not be possible.

Taal en taalbeheersing is onafskeidbaar verbonde aan die mens se leefwêreld en dus ook aan sy beroepswêreld. Basiese taalvaardigheid is een van die primêre behoeftes van die beroepswêreld (Rousseau, Lombard, Kamper 1989:30-32). Goeie kommunikasie kan die verskil maak tussen 'n produktiewe, effektiewe en winsgewende organisasie, of 'n oneffektiewe, onproduktiewe organisasie wat finansiële verliese ly. Daniel (1987:20) beklemtoon die belangrikheid van kommunikasie wanneer hy sê dat “(o)f all the management skills needed in the business world, the ability to communicate ranks a top priority”. Heine (1979:162) wys daarop dat effektiewe kommunikasie 'n onmisbare voorwaarde is vir tegnologiese- en ekonomiese ontwikkeling, politieke stabiliteit en om 'n mens se nasionale- en kulturele identiteit te ontdek.

In Suid-Afrika kommunikeer talle sprekers/hoorders daagliks deur middel van hul tweede- of selfs derde tale. Talle van hierdie leerders word nie in hul moedertale onderrig nie. Taal- en kommunikatiewe vaardighede in die moedertaal word nie deeglik vasgelê nie. Hierdie vaardighede kan dus nie na die tweede taal oorgedra word nie, wat produktiwiteit in die werksituasie, kommunikasie, asook kruis-kulturele kommunikasie nadelig kan beïnvloed. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op:

- i) Komponente van taal;
- ii) Die Taal Universaliteitshipotese;
- iii) Kritiek op die Universaliteitshipotese;
- iv) Die problematiek van swak taalvaardighede in die praktyk.

4.2 Die omskrywing van taal

Richards, Platt J. en Platt H. (1992:196) omskryf taal as “the system of human communication which consists of the structured arrangement of sounds (or their written representation) into larger units, e.g. morphemes, words, sentences, utterances”. Bernstein (1967:126) onderskei tussen taal (‘n sisteem van taalreëls) en spraak. Spraak is ‘n aktiwiteit wat inligting oordra deur die toepassing van die taalreëls te varieer. Die spraakkodes word gerealiseer deur ‘n sisteem van sosiale verhoudings waarvan die spraakkodes ‘n funksie is. Volgens Schaefer en Lamm (1992:75), sluit taal ook nie-verbale kommunikasie soos gebare en simbole in. Funksie-gebaseerde definisies reflekteer die volgende siening:

Language is the basic tool for communication and socialization and is learned in a social and cultural context (Cheng en Butler 1995:99).

O’Grady, Dobrovolsky en Katamba (1997:1) omskryf taal as:

... a system of communication, a medium for thought, a vehicle for literary expression, a social institution, a matter for political controversy, a catalyst for nation building.

Uit hierdie omskrywings blyk twee essensiële kenmerke van taal baie duidelik, naamlik:

- i) Taal is ‘n kommunikasiemiddel - Omdat taal ‘n middel is, beteken dit dat taal en sy komponente geëvalueer, verander, reggestel, verbeter, gereguleer en vervang kan word. Nuwe tale en komponente van ‘n taal kan deur sprekers geskep word.
- ii) Taal is ‘n sosiale kode, sowel as ‘n sosiale instelling - Die kodes van die gemeenskap is oor die algemeen normatief. Die linguistiese norm vorm ‘n inherente deel van taal (Tauli 1974:50-51). Hierdie norme word soos ander norme oorgedra deur voorbeeld en sosialisering in groepsverband. Hierdie norme verander stadig met die verloop van tyd, gewoonlik sonder hulp of belemmering van byvoorbeeld die taalonderwyser of taalkundiges (Fishman 1972:180).

4.3 Die komponente van taal

Bachman (1990:87) onderskei twee tipes taalvaardighede, naamlik organisatoriese kompetensie en pragmatiese kompetensie. Elk van hierdie komponente bestaan uit verskeie kategorieë.

4.3.1 Organisasoriese kompetensie

Organisasoriese kompetensie word onderverdeel in grammatikale- en tekstuele kompetensie. Grammatikale kompetensie (taalbeheersing) sluit daardie vaardighede in wat betrokke is by taalgebruik. Dit sluit soorte kennis in soos onder andere kennis van woordeskat, morfologie, sintaksis en fonologie (Bachman 1990:87). Taalbeheersing bestaan uit 'n leksikale- en 'n kombinatoriese aspek. Om sinne te kan vorm of verstaan, moet die spreker/hoorder die woorde of leksikale items van die betrokke taal ken. Party sprekers/hoorders het 'n groter woordeskat as ander (Botha 1995:118). Deur byvoorbeeld na aanleiding van 'n prentjie te sê *Die hond is groter as die kat*, illustreer die spreker/hoorder deur woordkeuse sy leksikale kompetensie. Die woord *groter*, illustreer sy kennis van morfologie.

Taalwetenskaplikes verwys na die spreker/hoorder se kennis van die kombinatoriese aspek van taal as hul "... tacit knowledge of the grammatical rules of the language" (Botha 1995:118). Kennis van die kombinatoriese aspek van taal maak dit vir sprekers/hoorders moontlik om op basis van 'n beperkte aantal woorde, 'n onbeperkte aantal sinne te produseer en te verstaan (Botha 1995:118-119). Deur die woorde in die sin *Die hond is groter as die kat* in die regte volgorde/kombinasie te gebruik, illustreer die spreker/hoorder sy kennis van die sintaktiese reëls.

Die spreker/hoorder moet ook die kennis hê om uitinge te verbind om 'n teks te vorm. *Teks* is 'n gesproke- of geskrewe eenheid van taal en kan soms uit slegs een woord bestaan, byvoorbeeld die woord *GEVAAR* op 'n waarskuwingsteken. 'n Volle begrip van teks is dikwels onmoontlik sonder verwysing na die konteks waarin dit plaasvind (Richards *et al.* 1992:378). Archibald (1997:508) omskryf tekstuele kompetensie soos volg:

Textual competence involves knowledge of well-formedness above sentence level, including the rules that string sentences together to make a well-formed text in the spoken or written language ... a text is not just a sequence of grammatical utterances.

Tweedetaal sprekers moet soos eerstetaal sprekers ook die vaardigheid verwerf om sinne op hierdie wyse te organiseer en te verbind.

4.3.2 Pragmatiese kompetensie

Pragmatiese kompetensie is volgens Thomas (1982:92) die vermoë om taal effektief te gebruik om 'n spesifieke doel te bereik en om taal in konteks te verstaan. Die nosie van

pragmatiese kompetensie sluit volgens Bachman (1990:90-96) illokusionêre- en sosiolinguistiese kompetensie in.

4.3.2.1 Illokusionêre kompetensie

Illokusionêre kompetensie stel die spreker/hoorder in staat om taal te gebruik om uitdrukking te gee aan 'n wye reeks funksies, byvoorbeeld bedank, kla, weier, uitnooi, apologie aanteken, ensovoorts. Illokusionêre kompetensie stel die spreker ook in staat om die illokusionêre krag van die uiting of gesprek te kan interpreteer. Die geskiktheid van hierdie funksies en hoe daar uitvoering aan gegee word, varieer van een taalgebruikskonteks tot die volgende, volgens tallose sosiokulturele en diskoerskenmerke. Volgens Bachman (1990:92) kan taalfunksies in vier makro-funksies verdeel word, naamlik begripsvormende- manipulerende-, heuristiese- en verbeeldingsfunksies.

Die begripsvormende funksie is die mees oorkoepelende taalfunksie. Deur middel van hierdie funksie, gee die spreker/hoorder uitdrukking aan betekenis in terme van sy ervaring van die wêreld (Halliday 1973:20). Hierdie funksie sluit ook die gebruik van taal in om voorstelle te maak en om inligting oor kennis of gevoelens uit te ruil. Die manipulerende funksies se primêre doel is om die wêreld om die spreker/hoorder te beïnvloed. Een sodanige funksie is die instrumentele funksie. Deur byvoorbeeld versoeke, waarskuwings of bevels, word taal gebruik om handeling te kry. Die heuristiese funksie het betrekking op die gebruik van taal om die spreker/hoorder se kennis oor die wêreld om hom uit te brei. Dit kom algemeen voor in handeling soos onderrig, leer en probleemoplossing. Die verbeeldingsfunksies van die taal stel die spreker/hoorder in staat om sy omgewing te skep of uit te brei vir humoristiese- of estetiese doeleindes. Voorbeelde hiervan is om grappe te vertel of om poësie of kortverhale te lees. Hierdie taalfunksies word as afsonderlike funksies bespreek, maar in die meerderheid gevalle waar taal gebruik word, word verskeie van hierdie funksies gelyktydig uitgevoer (Bachman 1990:90-94).

Flowerdew (1988:75) wys daarop dat die konsep van spraakhandeling een aspek van die moedertaalspreker se vaardigheid in sy taal karakteriseer. Dit geld ook ten opsigte van die tweedetaalspreker:

... the second-language learner will also need eventually to possess an equivalent set of speech acts relevant to his use of the second language.

Net soos die moedertaalspreker versoek, dreig, belowe ensovoorts, moet die tweedetaalspreker ook in staat wees om hierdie handeling te kan uitvoer (Flowerdew 1988:75). Spraakhandeling kan omskryf word as “[a]ctions that are carried out through language ...” (Finegan en Besnier 1989:328). Elke spraakhandeling het twee hoofkomponente, naamlik die uiting self en die oogmerk. Die betekenis van ‘n uiting word nie altyd direk gereflekteer in die oppervlakte strukture nie. In ‘n uiting soos: *Het jy al ooit professionele hulp oorweeg?*, lê ‘n magdom verskillende betekenismoontlikhede opgesluit. Die spreker mag byvoorbeeld bedoel i) Ek kan jou nie help nie, maar iemand anders kan; of ii) Ek dink jy het ‘n skroef los (Archibald 1997:509). Illokusionêre kompetensie stel die spreker/hoorder in staat om die illokusionêre krag van die uiting of diskoers te interpreteer (Bachman 1990:94).

Om ‘n suksesvolle illokusionêre handeling uit te voer, moet die spreker/hoorder volgens Van Dijk (1977:199) sy posisie relatief tot sy gespreksgenoot beoordeel deur die volgende te evalueer:

- i) posisies (byvoorbeeld rolle, status).
- ii) eienskappe (byvoorbeeld ouderdom, geslag).
- iii) verhoudings (byvoorbeeld dominansie, outoriteit).
- iv) sosiale funksies (byvoorbeeld vader, kelner, regter).

4.3.2.2 Sosiolinguistiese kompetensie

Sosiolinguistiese kompetensie is die kennis van sosiolinguistiese konvensies vir die uitvoer van taalfunksies, wat geskik is in ‘n gegewe konteks. Sensitiwiteit vir dialekverskille en verskille in register speel hier ook ‘n rol (Thomas 1982:98). Die vermoë om kulturele verskille en beeldspraak te gebruik en te interpreteer, vorm daarbenewens deel van die sosiolinguistiese kompetensie. Kennis van die uitgebreide betekenis wat deur ‘n spesifieke kultuur aan byvoorbeeld plekke, gebeure en mense gegee word, is noodsaaklik wanneer daar na hierdie betekenis in taalgebruik verwys word. Sonder hierdie kennis sal die korrekte interpretasie van sekere uitinge nie moontlik wees nie (Bachman 1990:94-97). Kahn (1997:658) noem in hierdie verband:

No utterance is ever complete in itself to convey the intended meaning. It depends heavily on the existence of a vast background of facts and a framework of mental assumptions within which the speaker is operating, all of which are assumed to be known to the listener and not therefore required to be expressly stated.

Tweedetaal sprekers/hoorders moet soos eerstetaal sprekers/hoorders weet watter tipe keuses pragmatiese besluitneming onderlê. Sprekers/hoorders moet in staat wees om 'n oordeel te vel volgens sosiale waardeskale. Die spreker moet ook oor die vermoë beskik om hierdie oordeel op linguistiese uitinge toe te pas (Thomas 1982:104).

4.4 Nie-verbale kommunikasie

Alhoewel nie-verbale kommunikasie 'n integrale deel van die kommunikatiewe handeling vorm, bly dit dikwels 'n vergete dimensie. Sargent en Williamson (1966:305) skryf die volgende:

In any event gestures, like speech, are symbolic and play a significant part in human communication.

Talle aspekte van gesprekke hang af van vorms van kommunikasie wat nie maklik in woorde oorgeskryf kan word nie, maar nogtans 'n kritieke rol speel in die begrip van die situasie (Scollen en Scollen 1995:143). Net soos taalgebruik van kultuur tot kultuur verkil, verskil die betekenis van nie-verbale gebare ook van kultuur tot kultuur (Bamgbose 1994:93). Die gebare van uiteenlopende kulture verskil soveel van mekaar, dat die *Parker Pen* maatskappy 'n boek getiteld *Do's and Taboos around the World*, as gids uitgegee het om besigheidsmense te help om kulturele- en godsdienstige gebruike wat aan hulle onbekend is, te kan hanteer (Shaefer en Lamm 1992:66).

In die V.S.A. heg mense oor die algemeen byvoorbeeld 'n positiewe betekenis aan die "thumbs up" gebaar, terwyl hierdie gebaar in Griekeland slegs vulgêre konnotasies het (Shaefer en Lamm 1992:75). Tydens 'n kruis-kulturele ontmoeting in 1988 in Mamelodi, Suid-Afrika, het een van die Zulu deelnemers haar verwarring uitgespreek oor die wyse waarop Blankes hulle waardering uitspreek. Volgens hierdie deelnemer sê Blankes voortdurend *Dankie en Dis 'n plesier*. Hierdie Zulu moedertaalspreker beweer dat die Zulu waardering voel, maar nie op 'n verbale wyse daaraan uiting gee nie. Hierdie situasie kan ongetwyfeld tot konflik lei, omdat die persepsie onder talle Blanke sprekers wat nie kennis het van die Zulugebruike nie, kan ontstaan dat Swartes ondankbaar is. 'n Deel van die misverstand berus daarop dat die Zoeloewyse van erkenning van dankbaarheid deur middel van 'n gebaar, ongemerk verbygaan, omdat hierdie nie-verbale wyse van waardering, nie deel vorm van die Engelssprekende se taal en kultuur nie (Wood 1992:266). Bogenoemde voorbeeld demonstreer dat 'n moeras van misverstand selfs in die kleinste dag tot dag spraakhandeling verskuil lê, omdat tale en kulture

ongetwyfeld van mekaar verskil. Indien hierdie aspekte geïgnoreer word, of daar geen bewustheid daarvoor ontwikkel word nie, kan dit ongetwyfeld lei tot swak kommunikasie en kulturele konflik.

4.5 Die Taal Universaliteitshiptese

Sommige taalnavorsers beweer dat indien daar aangeneem word dat spraak gewortel is in die onderliggende universele vorms, sisteme en prosesse, dit redelik is om te argumenteer dat alle spraakpatrone, hoe uiteenlopend ook al, gelei word deur algemene beginsels (Hall 1975:49). Kommunikasie is dus in beginsel tussen en oor kulture moontlik, omdat algemene organisatoriese skemata alle tale onderlê (Langacker 1967:240). Die idee dat daar veralgemenings bestaan wat universeel van toepassing is op alle taalgemeenskappe, kenmerk die Westerse denksstyl sedert Plato die konsep van *eidos* voorgestel het. *Eidos* word omskryf as “the self-contained, fixed idea underlying the apparent mutability of things in the world” (Janney en Arndt 1993:23). Aristoteles het in die vierde eeu voor Christus al die volgende stelling gemaak:

Vocal expressions are the symbols of mental expressions. ... Speech, like writing, differs from culture to culture; but all mental impressions ... are the same for all men, as are the objects they represent (Janney en Arndt 1993:23).

Aristoteles se stelling dat die rasonele- en perseptuele prosesse wat spraak onderlê, dieselfde is vir alle mense, ten spyte van die oënskynlik kulturele variasies in die spraak self, is een van die eerste bydraes tot die Taal Universaliteitshiptese. Die logika agter die teorieë van taaluniversele het min verander sedert Aristoteles se tyd. Eeue later word dieselfde standpunt nog steeds gehuldig. Brown en Levinson (1987:35) beweer dat daar ‘n uitsonderlike parallelisme bestaan “in the linguistic minutia of the utterances with which persons choose to express themselves”. Die motief is beleefdheid en word gemotiveer deur ‘n begeerte om aansien te handhaaf (Janney en Arndt 1993:16). Brown en Levinson se teorie is geanker op Grice (1975,1989) se oorspronklike model van gespreksvoering. Brown en Levinson (1987:4,58,64) beweer voorts dat die onderliggende rasonele-, motiverende- en funksionele grondslae van beleefdheid tot ‘n mate universeel is. Hierdie grondslae word deur spraak in talle tale en kulture gereflekteer. Volgens Brown en Levinson (1987:13-15) toon empiriese bewyse dat daar in talle tale en kulture van beleefdheidsvorme gebruik gemaak word om beleefdheid uit te druk. Brown en Levinson (1987) steun hulle argument op drie uitgebreide onafhanklike kruis-kulturele navorsingstudies deur Levinson (1978), Head (1978) en Wenger (1982) (In Brown en Levinson 1987). Al hierdie studies wys volgens Brown en Levinson (1987)

op die belangrikheid van beleefdheidsvoornaamwoorde in die ongeveer 150 tale wat bestudeer is. Hierdie navorsing bevestig:

... pluralization, substitution of third person for second person, and other person switches, are widespread throughout the world, and common in that order ... (Brown en Levinson 1987:23).

Die reëlmatigheid is van so 'n aard dat 'n aantal redelik gedetailleerde implisiete universele vasgestel kan word. Daar moet volgens Brown en Levinson (1987) strategies gemotiveerde bronne vir hierdie wisseling van voornaamwoorde wees. Respek is nie in die taal geënkodeer deur die gebruik van willekeurige vorme nie, maar deur die gebruik van gemotiveerde bronne (Brown en Levinson 1987:23). Hierdie hipotese word ook deur Thomas (1995) ondersteun. Volgens Thomas (1995:150), is respek ook ingebou in die grammatika van Oosterse tale soos Koreaans en Japannees. Navorsing deur Mackie (1982) bevind dat Brown en Levinson (1987) se beleefdheidstrategieë al deur Japanse kinders gebruik word, nog voordat hulle die komplekse respekstelsel ten volle bemeester het. Watts (1992:68) beweer:

Part of the speaker's communicative competence will be an ability to interpret the complex of features in the social event which determine one term of address in preference to another.

Volgens Watts (1992) is dit dus redelik om voor te stel dat hierdie aspek van kommunikatiewe kompetensie, naamlik goeie oordeel, net so operatief in Westers-Europese- en Noord-Amerikaanse kulture is, as in Japannees. Kruis-kulturele kommunikasie is dus in beginsel moontlik, omdat algemeen organisatoriese skemata alle tale onderlê, of omdat die basiese rasionele voorvereistes vir kommunikasie dieselfde in alle kulture is (Janney en Arndt 1993:22).

4.6 Kritiek op die Taal Universaliteitshiptese

Soos gesien kan word uit die bespreking oor die aard van taal, is taal dubbelsinnig. 'n Mens kan dus nooit heeltemal seker wees wat die ander persoon bedoel nie, hetsy verbaal of skriftelik. Dit ly dus geen twyfel nie, dat kommunikasie meer suksesvol is tussen sprekers/hoorders wat dieselfde veronderstellings en kennis van die wêreld deel. Dit is vir sprekers/hoorders wat soortgelyke geskiedenis, agtergronde en ondervindings het, makliker om afleidings te maak, gebaseer op gemeenskaplike ondervindings en kennis (Scollon en Scollon 1995:11-12).

Die dubbelsinnige aard van taal is een van die hoofbronne van probleme in interpersoonlike kommunikasie. Selfs waar sprekers/hoorders dieselfde taal gebruik, kan

misverstande ontstaan, wat kommunikasie in die wiede kan ry. Die tegniese taal wat byvoorbeeld deur tegnisi in die motorhandel of deur die akademici aan universiteite gebruik word, kan struikelblokke wees vir ander lede van dieselfde gemeenskap (Jacobs 1986:3). Verskillende dialekte van 'n taal kan ook lei tot onverstaanbaarheid en misverstand (Aitchison 1991:217).

Soos gesien uit die bespreking van die Universaliteitshiptese, bestaan daar persepsies dat blote taalverwerwing voldoende is vir effektiewe kommunikasie tussen verskillende kulture. Dit is egter nie die geval nie. Leksikale sisteme van verskillende tale is nie gelykvormig nie. Wat byvoorbeeld 'n belofte of klagte in een taal is, is nie noodwendig so in 'n ander taal nie (Flowerdew 1988:75). Talle kulture het sosiale gedragsreëls wat die styl streng beheer (Fromkin en Rodman 1993:300). Sosiale faktore soos beliggaam in die hoe, waar en wanneer, is dus onlosmaaklik verweef in taalaanwending (Jacobs 1986:3). Thomas (1982:104) beweer in hierdie verband, dat indien pragmatiese verwagtings wel kultuurspesifiek is, dit waarskynlik is dat die tweedetaalspreker 'n ander oordeel as die moedertaalspreker oor aspekte soos byvoorbeeld taboes, sosiale afstand, godsdiens, politiek en morele waardes sal vel. Kruis-kulturele verskille in die oordeel van byvoorbeeld sosiale afstand, die evaluering van relatiewe magte en verpligtinge, veroorsaak sosiopragmatiese mislukking. Sosiopragmatiese besluite is sosiaal, voordat hulle taalkundig is. Bamgbose (1994:93) is van mening dat daar in enige kruis-kulturele kommunikasie situasie die potensiaal vir kulturele interferensie bestaan, wat wissel van eenvoudige misinterpretasie, tot die moontlikheid van misverstand. Richards *et al.* (1992:92) beweer dat indien daar 'n groot verskil tussen die kulturele konvensies en die spreker is, misverstand en misinterpretasies moontlik kan ontstaan. Dit kan selfs lei tot 'n totale kommunikasiebreuk. Studies deur Gumpertz (1982) ondersteun hierdie siening. Volgens Jacobs (1986:3) is kennisverwerwing aangaande die kultuuragtergrond van die gespreksgenoot, net so belangrik as taalverwerwing, omdat taalverwerwing slegs 'n onderdeel van kommunikasie uitmaak en taal 'n faset van kultuur weerspieël.

In Suid-Afrika gebeur dit daagliks dat sprekers van verskillende tale en kulturele agtergronde, kennis deel in wat hulle dink 'n enkele taal is, byvoorbeeld Engels. Volgens Wolfson (1992:202) veronderstel hierdie sprekers dat hulle dieselfde taal praat. Indien hulle sosiolinguistiese reëls van mekaar verskil, soos wat dikwels die geval is, praat hulle

inderdaad nie werklik dieselfde taal nie. Daar bestaan volgens Watts (1992:55) nie voldoende bewyse dat sekere spraakhandelinge inderdaad universeel is nie. Voorts is die universaliteit van spraakhandelinge volgens Wolfson (1992:200), ver verwyderd van kulturele universele. Fraser, Rintell en Walters (1981:79) noem in hierdie verband:

... although the inventory of speech acts and performing strategies may be basically the same across languages, two languages may differ significantly in terms of what you do, when and to whom.

Die voorbeeld van beleefdheid word ter illustrasie gebruik, omdat dit 'n aspek is wat kultuurspesifiek is. Die feit dat beleefdheid soos voorgestel deur Brown en Levinson (1987) belangrik is in alle kulture, bewys nie dat Brown en Levinson (1987) se aannames oor aansien, universeel is nie. Volgens Chen (1993:67) is beleefdheid 'n sosiokulturele verskynsel, wat gebaseer is op die sosiale waardes van 'n bepaalde gemeenskap. Clyne (1992:220) beweer dat navorsing aantoon dat "[t]he notion of what entails co-operation in discourse is subject to substantial cultural variation ...". Taalnavorsers soos Matsumoto (1988), Chen (1993) en Mao (1994) wys daarop dat Brown en Levinson (1987) se idees gebaseer is op 'n Westerse siening van interpersoonlike verhoudings. Mao (1994:452) beweer:

Brown and Levinson's theory lacks culturally unbiased conceptual framework for objectively and empirically evaluating their politeness universals.

Volgens Matsumoto (1988:423), kies mense in 'n kultuur, beleefdheidsstrategieë volgens kulturele verwagtings en vereistes. In die Japannese kultuur moet die Japannese verstaan waar hy/sy in verhouding tot ander lede van die groep staan. Hy/sy moet voorts ook sy/haar afhanklikheid van die ander erken. Matsumoto (1988:405) skryf:

Acknowledgement and maintenance of the relative position of others, rather than preservation of an individual's proper territory, governs all social interaction.

Besorgdheid aangaande interverhoudings is in die Japannese taal geënkodeer. Die komplekse stelsel van beleefdheidswoorde is die mees vanselfsprekende voorbeeld van hierdie enkodering. 'n Japannese spreker kan nie anders as om morfologiese- of leksikale keuses wat op interpersoonlike verhoudings gebaseer is, te maak nie. Wanneer die Japannese sê *Vandag is Saterdag*, moet die spreker 'n koppelwoord kies met geskikte beleefdheidswoorde (gewoon, beleefd of superbeleefd), afhangende van sy of haar verhouding met die aangesprokene. Die keuse van die beleefdheidskoppelwoord(e) sal ook afhang van die persoon wat aangespreek word se persepsie van sy verhouding met

die spreker. As gevolg hiervan, is daar baie variasies in Japannees op hierdie eenvoudige sin (Mao 1994:467).

Daar bestaan 'n verskil in sosiale waardes tussen die Westerse- en die Chinese kulture. Die Chinese kultuur se siening van 'n individu se selfbeeld verskil van dié van die Westerse kultuur. In die Chinese kultuur is nederigheid een van die belangrikste komponente van 'n selfbeeld, terwyl selfvernederings volgens Brown en Levinson (1987) skade aan die spreker se eie aansien berokken. Ter illustrasie van die verskil in norme tussen die Westerse- en die Oosterse kulture, verwys Chen (1993:67) na die strategie van verskil en selfvernederings in reaksie op 'n kompliment. Volgens Brown en Levinson (1987) se teorie is komplimentering hoofsaaklik 'n positiewe beleefdheidsstrategie "... for it signals the complimenter's noticing of and attending to the complimentee's interests and needs". In die Westerse kultuur is die norm om die kompliment te aanvaar. Die Amerikaanse spreker se tipiese reaksie op 'n kompliment oor 'n kledingstuk sal byvoorbeeld *Thank you* wees. Die Chinese spreker se reaksie in teenstelling hiermee, sal byvoorbeeld wees: *It's not nice at all. The patterns are too loud* (Chen 1993:55). Hierdie reaksie is nie 'n belediging vir die komplimenteerder nie. Die sosiale norm is net sodanig dat die komplimenteerder nie verwag dat die gekomplimenteerde met hom moet saamstem nie. Kulturele buitelanders kan hierdie spraakhandeling as ongeskik beskou.

Net so bestaan daar 'n groot verskil tussen die Europese- en Afrika kulture. Dit is 'n bekende feit dat daar in Suid-Afrika, talle beleefdheidsreëls bestaan wat in taal uitdrukking vind. Hierdie verskil in taalgedragsreëls gee dikwels aanleiding tot kruiskulturele misverstand. In die Swart kultuur groet die persoon wat die vertrek binnekom, byvoorbeeld eerste, anders kan dit ongeskik wees. Net so moet die persoon wat aankom, eerste groet.

Na aanleiding van 'n kruis-linguistiese analise van direkte versoeke tussen Engels en Hebreeus, het Blum-Kulka (1982:33) tot die gevolgtrekking gekom, dat al bestaan daar kruis-linguistiese ooreenkomste, dit beperkte waarde het vir tweedetaalsprekers. Volgens Blum-Kulka (1982) verteenwoordig indirekte spraakhandelinge 'n spesiale geval van interafhanklikheid tussen konvensies van taal en konvensies oor taalgebruik. Die aard van hierdie interafhanklikheid varieer sistematies oor tale en kulture heen.

Die indruk dat universaliteitsteorieë 'n eenheid vorm, ontstaan hoofsaaklik omdat 'n ontledingsbenadering gevolg word, ten opsigte van die analisering van tale en kulture. Dit

is nie noodwendig 'n kenmerk van spraak self nie. Die Universaliteitshiptese moedig navorsers aan om beide patrone van waarneembare spraakverskynsels en verhoudings tussen taal en kultuur te ignoreer (Van Valin 1980:230). Dit is noodsaaklik dat tweedetaalsprekers bewus gemaak moet word van kruis-kulturele pragmatiese verskille (House en Kasper 1981:184). Anders as moedertaalsprekers wat hierdie strategieë deur middel van die sosialiseringproses leer, moet hierdie strategieë aan tweedetaalsprekers onderrig word om kommunikatief meer kompetent te wees (Wood 1992:266).

4.7 Die problematiek van swak taalvaardighede in die praktyk

Leerdere wat die skool verlaat om te werk, of verder te studeer, dra gebrekkige taalvaardighede saam met hulle na die praktyk. Rousseau *et al.* (1989) het navorsing gedoen oor die eise wat die werksituasie aan skoolverlaters stel. Hulle het onder andere bevind dat werkgewers nie die simbole wat op skoolrapporte of matrieksertifikate verskyn, as 'n getroue weergawe van skoolverlaters se taalvermoëns beskou nie. Die uitstaande kenmerk betreffende taalgebruik in die private- en openbare sektore, kom ooreen, naamlik 'n behoefte aan beter afgeronde formele skriftelike taalvaardigheid. Werknemers se sinsbou, spelling en verslagskrywing is byvoorbeeld swak. Hulle beskik oor die algemeen ook nie oor die vermoë om gedagtes logies te orden nie. Voorts bestaan daar ook 'n behoefte aan groter selfvertroue om in Afrikaans en Engels (voorheen die enigste amptelike tale) te kommunikeer.

In sommige beroepe soos byvoorbeeld die regsberoep, waar taal volgens Kriel (1998:275) die belangrikste werktuig is, kan swak taalvaardighede verreikende gevolge hê. Die Adjunkdirekteur van Openbare Vervolgung van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, advokaat Z. J. van Zyl SC (belas met opleiding in daardie gebied), bevestig hierdie siening. In 'n onderhoud gevoer op 10 Augustus 2001, beweer Van Zyl dat nuwelinge in die regsberoep, slegs by hoë uitsondering, oor die vereiste vlak van taalbeheersing beskik. Swak taalvaardighede lei tot oneffektiewe betoogspunte op appèl en gebrekkige hersieningsopinie. Volgens Van Zyl kniehalter gebrekkige taalvaardighede van aanklaers, tolke en voorsittende beamptes, asook beskuldigdes se regsverteenvoerders, dikwels ook die regsproses. In uiterste gevalle lei dit selfs tot die verdeling van die regsproses.

Daar bestaan volgens Muller (Beeld 25 April 2001) groot kommer by universiteite oor die swak taalvaardighede van studente. As dié vermoë swak ontwikkel is, is dit haas

onmoontlik om groot hoeveelhede kennis te bemeester en te gebruik. Daar is 'n ontstellende hoë persentasie leerders wat ná 12 skooljare steeds oor só 'n lae taalvaardigheid beskik, dat hulle nie suksesvol aan 'n universiteit kan studeer nie. Hierdie tendens kom nie net onder “voorheen benadeelde leerders” voor nie, maar ook onder leerders van voormalige Model C-skole. 'n Leerder moet minstens 'n taalvaardigheid op 'n graad 10 vlak hê, om suksesvol aan 'n universiteit te kan studeer. 'n Steekproef wat die UP (Universiteit van Pretoria) in 2000 gedoen het, dui daarop dat sommige matrikulante wat A simbole verwerf het, oor 'n taalvaardigheid van slegs gr. 7, 8 en 9 beskik. Daar bestaan dus rede om skepties te wees oor die waarde van onderskeidings in matriek. Slegs 80% van alle studente met Afrikaans as moedertaal, het 'n funksionele taalvaardigheid van gr. 11, 12 en 12+. In die praktyk beteken dit dus dat bykans 20% van alle studente met Afrikaans as moedertaal, wat matriekulasievystelling verwerf het, nie taalvaardig genoeg is vir verdere studie nie. Engelse studente vaar 9% beter as Afrikaanse studente.

Die steekproef het ook aan die lig gebring dat byna 80% Swart leerders wat matriek in 'n ander taal as hul moedertaal verwerf het, nie oor die nodige taalvaardighede beskik vir universitêre studie nie. Slegs 22% van hierdie studente het 'n Engelse taalvaardigheid op die vlak van gr. 11, 12 of 12+ gehad. Sowat 49% van hierdie studente se taalvaardigheid in Engels, is op die vlak van gr. 8, 9 en 10. Ongeveer 30% van dié studente het 'n taalvaardigheid van gr.7 of laer gehad. Engels is waarskynlik die grootste enkele struikelblok vir Swart studente (Beeld 25 April 2001).

Soos in hoofstuk drie aangetoon, vind onderrig in 'n groot aantal skole in Suid-Afrika in Engels plaas. Engels is egter dikwels die tweede- of selfs derde taal van daardie leerders, sowel as hul onderwysers. Hierdie situasie is uiters problematies. Die onderwysers wat self nie oor die nodige taalvaardighede beskik nie, kan dit dan ook nie aan hul leerders oordra nie. Die gevolg is dat die leerders hul onderwysers se gebrekkige voorbeeld navolg, wat meebring dat die leerders nooit voldoende kommunikasie vaardighede aanleer nie. Indien hierdie leerders die geleentheid gehad het om hul skoolloopbaan in hul moedertaal te deurloop, sou die prentjie beslis rooskleuriger gewees het. Prah (1995b:19) skryf:

This is the only way of giving people confidence in themselves and their culture and providing a viable route to social and economic development.

Suid-Afrika kan nie bekostig om waardevolle breinkrag op hierdie wyse te verloor nie. Dit is uiters belangrik dat die status van die inheemse tale in die openbare arena verhoog word en dat die regeringsleiers Afrikatale in die openbaar gebruik. Indien nie, sal Engels sy hegemonie oor ander tale versterk.

4.8 Samevatting

Kommunikatiewe kompetensie is die vermoë van individue "... to communicate with one another under situationally and normatively defined conditions (linguistic, psychological, social and pragmatic in nature)" (Dittmar 1976:162). Om taal op 'n geskikte wyse te gebruik, beteken dus om uitinge te verstaan en te produseer wat nie net grammatikaal korrek is nie, maar wat ook die voorgenome bedoeling van die spreker kommunikeer. Die spreker moet voorts ook sensitief wees vir sosiokulturele konvensies wat die gebruik van taal rig. Hierdie aspekte is van toepassing op eerste- sowel as tweedetaal sprekers. Tale en kulture verskil van mekaar. Blote taalverwerwing is nie voldoende vir suksesvolle kruis-kulturele kommunikasie nie.

By talle sprekers in Suid-Afrika word eerstetaal vaardighede nie ontwikkel nie, omdat hierdie sprekers nie deur middel van hul moedertaal onderrig word nie. Hierdie vaardighede kan dus nie na die tweedetaal oorgedra word nie. Die gebrek aan taalvaardighede het nie net 'n nadelige invloed op kruis-kulturele kommunikasie nie, maar ook op die mens se beroepsituasie en leefwêreld.

HOOFSTUK 5

VEELTALIGHEID

5.1 Inleiding

Twee- of veeltaligheid kom in feitlik elke land ter wêreld voor (Grosjean 1994:1656). Meer as die helfte van die wêreld se bevolking is tweetalig en talle mense is veeltalig. In die meeste Afrika-lande is veeltaligheid die reël eerder as die uitsondering (Adegbija 1994:141). Afrika, in besonder sub-Sahara Afrika, is waarskynlik linguisties die mees komplekse gebied in die wêreld (Wolfson 1989:264). In 'n veeltalige gemeenskap soos Suid-Afrika, het sommige individue 'n wye reeks tale en taalvariëteite tot hul beskikking om uit te kies in 'n gegewe situasie. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op:

- i) Die onderskeid tussen individuele- en gemeenskapstweetaligheid;
- ii) Verskillende tipes individuele tweetaligheid;
- iii) Taalkeuse in 'n veeltalige gemeenskap;
- iv) Die onderskeid tussen verskillende tipes gemeenskapstweetaligheid;
- v) Die uitwerking van tweetaligheid soos dit in die spraak van tweetaliges manifesteer;
- vi) Taalagteruitgang;
- vii) Die faktore wat bydra tot gemeenskapstweetaligheid.

5.2 Die omskrywing van tweetaligheid/veeltaligheid

Die mees uitstaande kenmerk van tweetaligheid/veeltaligheid is dat dit 'n multi-gefasetteerde fenomeen is. Weinreich (1953:5) omskryf tweetaligheid soos volg: "... the practice of alternatively using two languages will be called here bilingualism, and the persons involved bilinguals". Volgens Romaine (1995:11) word tweetaligheid dikwels omskryf in terme van "categories, scales and dichotomies such as ideal, vs. partial bilingual, coordinate vs. compound bilingual etc., which relate to factors such as proficiency, function etc.". Richards *et al.* (1992:36) omskryf tweetaligheid as:

[T]he use of at least two languages either by an individual or by a group of speakers, such as the inhabitants of a particular region or a nation.

Uit hierdie omskrywing kan afgelei word dat die begrip tweetaligheid, veeltaligheid kan insluit. Dittmar (1976:170) omskryf twee- of veeltaligheid as:

... the linguistic situation where two or more languages coexist within the bounds of one society, or are kept in constant contact by politically and economically determined interests.

Daar bestaan volgens Grosjean (1994:1656) verskeie miskonsepsies oor die begrip tweetaligheid. Omdat daar 'n fundamentele verskil tussen gemeenskaps- en individuele tweetaligheid bestaan, is dit belangrik om onderskeid te tref tussen hierdie twee tipes tweetaligheid (Hoffmann 1991:13).

5.3 Die onderskeid tussen individuele- en gemeenskapstweetaligheid

Individuele tweetaligheid is die resultaat van 'n individu se kontak met twee of meer tale (Hoffmann 1991:13). Een van die interessantste aspekte van tweetaligheid, is die feit dat twee of meer tale in kontak is in dieselfde persoon. Tweetaligheid kom voor onder alle klasse van die samelewing en onder alle ouderdomsgroepe (Grosjean 1994:1656-1657).

Volgens Letts (1994:354) verwys gemeenskapstweetaligheid of -veeltaligheid na "... the co-existence of two or more languages used by individuals and groups in society". Gemeenskapstweetaligheid impliseer egter nie noodwendig dat alle lede van die gemeenskap tweetalig is nie. Volwasse Engels moedertaalsprekers wat na Suid-Afrika immigrer en net Engels magtig is, leer byvoorbeeld dikwels nie 'n tweede taal aan nie, omdat Engels een van die amptelike tale is wat oral gebruik word. Hierdie sprekers kom heeltemal goed oor die weg en die behoefte ontstaan dus nie om 'n ander taal aan te leer nie.

In Suid-Afrika is die term veeltaligheid tot en met 1990 selde gebruik. Die algemene konsep was tweetaligheid, wat in die voormalige politieke bestel 'n kennis van Afrikaans en Engels beteken het. In Suid-Afrika is Kleurlinge, Blankes en Asiate oor die algemeen slegs tweetalig. In teenstelling hiermee is die meeste Swartes veeltalig, wat gewoonlik 'n kennis van Engels en Afrikaans insluit (Webb 1995:18,28). Volgens die *Pansat* verslag (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) (September 2000), is ongeveer 36% Suid-Afrikaners twee- of veeltalig.

Die verband tussen individuele- en gemeenskapstweetaligheid word volgens Romaine (1995:23) duidelik wanneer die redes waarom sekere individue tweetalig word, ondersoek word. Daar bestaan verskeie faktore wat tale in kontak met mekaar bring en

dus tweetaligheid bevorder. Al hierdie faktore skep verskeie taalbehoefte by mense wat in kontak is met twee of meer tale en beïnvloed die aard van die tweetaligheid wat tot stand kom (Grosjean 1994:1656).

5.4 Verskillende tipes individuele tweetaligheid

Daar kan aan die hand van die volgende, tussen verskillende tipes individuele tweetaligheid onderskei word.

5.4.1 Die vlak van vaardigheid in die verskillende tale

Individue wat as tweetalig beskou word, varieer aanmerklik in hulle vermoëns om in een of albei tale te kommunikeer (Letts 1994:352). Die vlak van vaardigheid wat in 'n taal bereik word, sal afhang van die behoefte aan daardie taal en daarbenewens domein spesifiek wees (Richards *et al.* 1992:115).

Soos die omgewing verander en die behoefte vir bepaalde taalvaardighede verander, sal die tweetalige se kompetensie in sy of haar verskillende taalvaardighede verander (Grosjean 1994:1656-1657). Letts (1994:352) beweer dat tweetalige individue gegroepeer kan word volgens die graad van tweetaligheid wat hulle in verskillende sosiolinguistiese situasies vertoon. Hoffmann (1991:21-23) konstateer dat daar tussen 'n minimalistiese- en 'n maksimalistiese siening onderskei kan word. Die maksimalistiese siening soos voorgestaan deur Bloomfield (1933:56), omskryf kompetensie as "... near-native control of two or more languages". Baie min tweetalige sprekers voldoen aan hierdie vereiste. Die minimalistiese siening verteenwoordig die teenpool. Volgens Haugen (1953) kan 'n spreker as tweetalig beskou word, wanneer hy die eerste betekenisvolle uiting in 'n ander taal kan maak. Macnamara (1969) stel voor dat 'n persoon 'n tweetalige genoem kan word, indien hy oor enige vaardighede in een van die vier modaliteite (praat, skryf, luister en lees) in 'n ander taal as sy moedertaal beskik. Volgens Hoffmann (1991), kan die nosie van gebalanseerde tweetaligheid iewers in die middel van dié kontinuum geakkommodeer word. Hoffmann (1991:22) verklaar in hierdie verband:

We would expect a balanced bilingual to possess roughly equal proficiency of the two languages, but with no implication that the knowledge this bilingual has in either language is compared to monolingual standards.

Van die mees uitdagende aspekte wat aangespreek moet word, is die vraag hoe vaardig die individu in beide tale moet wees om as tweetalig beskou te word (Hoffmann 1991:21-

23). Romaine (1995:16) beweer dat verskillende kulture verskillende nosies insluit van wat dit beteken om 'n kompetente lid van 'n bepaalde taalgemeenskap te wees. Die fundamentele probleem is volgens Hoffmann (1991:23) geleë in die vraag na norme. Wie of wat behoort die basis te wees vir die beoordeling van die tweedetaalspreker se taalvaardighede? Vir die oorgrote meerderheid tweedetaalsprekers is tweetaligheidskompetensie nie meetbaar in terme van eerstetaal standarde nie.

Die statistiek oor vlakke van tweedetaal vaardighede, soos byvoorbeeld verkry deur middel van die sensus, kan misleidend wees. Hierdie syfers is dikwels gebaseer op die individu se eie subjektiewe siening van sy of haar kennis van die tweede- of derde taal en is nie wetenskaplik bepaal nie. Syfers verskaf deur die Sentrale Statistiek Buro (1991) toon byvoorbeeld dat 49,1% van alle persone ouer as sewe jaar in Suid-Afrika, Engels kan lees, praat en skryf en 43,8% Afrikaans. Dit is egter te betwyfel of 49,1% van die bevolking wel in staat is om hulle Engelse vaardighede op 'n hoër opvoedkundige vlak, of vir hoër domeine, te gebruik (Webb1995:17). Hierdie siening word ondersteun deur die *Pansat* verslag (September 2000). Volgens hierdie verslag verstaan slegs 22% van die bevolking (Engels moedertaalsprekers uitgesluit), toesprake en stellings wat deur amptenare in Engels gemaak word.

5.4.2 Taalfunksies in die lewe van die tweetalige

Funksie-gebaseerde definisies reflekteer die siening dat taal nie 'n abstrakte entiteit is nie, "... but a tool for taking part in acts of communication" (Hoffmann 1991:23). Net soos daar aanvaar kan word dat taalvaardighede varieerbaar en onstabiel is, moet daar aanvaar word dat daar wisselende grade van funksionele tweetaligheid voorkom. Verskillende tweetaliges het distinktiwe gebruike, asook verskillende vlakke van kompetensie vir elke taal. Grosjean (1994:1657) verklaar in hierdie verband dat tweetaliges hulle tale vir verskillende oogmerke met verskillende mense verwerf en gebruik. Individue sal slegs die behoefte ontwikkel om 'n ander taal te verwerf, indien hulle ontevrede is met hulle huidige sosio-ekonomiese status en tevrede is dat die stand van hulle lewens sal verander, indien hulle nog 'n taal aanleer (Myers-Scotton 1982:85).

Mackey (1968:563-564) beweer dat die druk (bv. ekonomies, polities en godsdienstig) wat in elke domein voorkom, 'n tweetalige sal beïnvloed om eerder die een taal as die ander te gebruik. Romaine (1995:31) wys daarop dat die kennis en gebruik van een taal dikwels 'n ekonomiese noodsaaklikheid is. Die administratiewe beleide en voorskrifte

van sekere lande vereis in baie gevalle van staatsampnare om 'n kennis te hê van 'n tweede taal. Dit is dikwels die geval vir talle sprekers van minderheidstale, soos Gujarati in Brittanje, of Frans in provinsies van Kanada waar Franssprekendes die minderheid is. 'n Tweetalige mag ook 'n taal aanleer vir godsdienstige redes. Talle minderheids Muslemkinders in Brittanje ontvang godsdiensopleiding in Arabies.

Tweetaligheid kan volgens Hoffmann (1991:24) reseptief of passief wees. Aan die ander kant van die skaal kan funksionele tweetaligheid ook beskryf word in terme van produktiewe (aktiewe) tweetaligheid. Produktiewe tweetaligheid impliseer die vermoë om die tale te praat, te verstaan, te skryf en te lees. Volgens Romaine (1995:31) verwys navorsers ook na seker innerlike funksies van tweetaligheid, soos bid en droom. Sommige tweetaliges gebruik dieselfde taal vir al die kategorieë, ander nie. Dit is volgens kompeterende druk nie altyd moontlik om met absolute sekerheid te voorspel watter taal 'n bepaalde individu in 'n bepaalde situasie sal gebruik nie.

5.4.3 Verwerwingsfaktore

Verskeie verwerwingsfaktore kan 'n rol speel.

5.4.3.1 Die ouderdom van die leerder

Die meerderheid tweetaliges verwerf hul onderskeie tale op verskillende stadiums van hul lewens (Grosjean 1994:1656). Daar kan onderskei word tussen vroeë tweetaligheid (kleuter) en laat tweetaligheid (volwassene). Daar is nie 'n bepaalde afsnypunt nie, maar kan in die geval van vroeë tweetaligheid arbitrêr op drie gestel word. Die afsnypunt vir volwasse tweetaligheid is op die ouderdom van puberteit (Johnson en Newport 1989), (Long 1990).

Daar word algemeen aanvaar dat kinders beter taalleerders is, in die sin dat kinders 'n tweede taal makliker kan baasraak as volwassenes (Gass en Selinker 1994:239). Navorsing deur Johnson en Newport (1991) het aan die lig gebring dat daar 'n kritieke periode vir taalverwerwing bestaan en dat leerders se bekwaamheid vir die verwerwing van die sintaks van 'n tweede taal afneem met ouderdom. Long (1990:251) beweer dat die agteruitgang in die vermoë om 'n tweede taal aan te leer, by sommige individue al op sesjarige ouderdom begin en nie op puberteit soos dikwels beweer word nie. Hierdie algemene siening word nie deur alle navorsers aanvaar nie. Tog ly dit geen twyfel nie dat

kinders, ten minste in ontwikkelde lande, daartoe neig om 'n groter bedrewenheid in die aanleer van 'n tweede taal te bereik, as volwassenes (Gass en Selinker 1994:240).

5.4.3.2 Die konteks van verwerwing

Die kleuter/kind wat twee tale op 'n ongestruktureerde wyse by die sprekers om hom aanleer, kan 'n natuurlike tweetalige of primêre tweetalige genoem word. Die twee tale kan aan die kleuter/kinder tweetalige in 'n gemengde konteks aangebied word. Dit kan beteken dat beide ouers beide tale met die kind praat. Dit kan ook beteken dat die konteks van verwerwing sodanig is, dat die twee tale in dieselfde omgewing waar die jong leerder hulle begin gebruik (bv. in 'n veeltalige samelewing), gepraat word. 'n Derde moontlike verwerwingskonteks is in 'n gekompartementaliseerde konteks. Die ouers volg die een-ouer-een-taal beleid, of die een taal kan in die een land aangeleer word en die ander taal in 'n ander land.

'n Sekondêre tweetalige is 'n persoon wat tweetalig word deur sistematiese gestruktureerde instruksie. Die resultaat kan "bereikte" tweetaligheid genoem word. Daar kan ook tussen *natuurlike* tweetaligheid en *skool* tweetaligheid onderskei word. Skool tweetaligheid impliseer formele onderrig in die skool, waartydens die leerder nie veel geleentheid het om die taal buite die klaskameromgewing te oefen nie. Kulturele tweetaligheid stem in baie opsigte ooreen met skool tweetaligheid. Kulturele tweetaligheid is egter dikwels die resultaat van taal wat deur 'n volwassene aangeleer word vir plesier-, werk-, of reisdoeleindes (Hoffmann 1991:19).

5.4.3.3 Die volgorde van verwerwing

Letts (1994:352) onderskei tussen *gelyktydige* en *opeenvolgende* tweetaligheid. Die terme verwys na die wyse waarop tweetaligheid verwerf word. Met gelyktydige verwerwing word aanvaar dat die kind vanaf geboorte, min of meer gelyke blootstelling aan twee tale gehad het. Harding en Riley (1986:40) beweer dat gelyktydige tweetaligheid volgens hulle waarneming een van die mees algemene en suksesvolste tipes tweetaligheid is.

Waar die verwerwing opeenvolgend is, vind blootstelling aan die tweede taal 'n ruk na die kind die eerste taal begin aanleer het, plaas. Opeenvolgende tweetaligheid is redelik algemeen onder kinders van immigrante gesinne wat eers die minderheidstaal by die huis leer en dan die dominante of meerderheidstaal, sodra hulle aan die buitewêreld blootgestel word (Wong Fillmore 1991).

5.5 Taalkeuse in ‘n veeltalige gemeenskap

Taalkeuse word nie bepaal deur willekeurige besluite aan die kant van die spreker nie. Preston (1989:38) beweer dat individue in twee- en veeltalige gemeenskappe taalkeuses maak op grond van beide die linguistiese- en sosiale omgewings. In sy artikel “Who speaks what language to whom and when”, sê Fishman (1972:244):

Proper usage dictates that one of the theoretically co-available languages or varieties will be chosen by particular classes of interlocutors on particular kinds of occasions to discuss particular kinds of topics.

Met bepaalde tipes geleenthede verwys Fishman (1972) na die verskillende domeine wat in spraakgemeenskappe voorkom. Fishman (1972:251) beweer:

Each domain can be differentiated into role-relations that are specifically crucial or typical of it in particular societies at particular times.

Romaine (1995:30) omskryf ‘n domein soos volg:

A domain is an abstraction which refers to a sphere of activity representing a combination of specific times, settings and role relationships.

Richards *et al.* (1992:115) omskryf die begrip domein as “an area of human activity in which one particular speech variety or a combination of several speech varieties is regularly used”. ‘n Domein kan beskou word as ‘n groep verwante spraaksituasies. Fishman (1972:248) noem in dié verband: “They attempt to summate the major clusters of interaction that occur in clusters of multilingual settings and involving clusters of interlocutors”. ‘n Ma wat met haar kinders praat, is ‘n voorbeeld van die Gesinsdomein. In tweetalige- of veeltalige gemeenskappe word een taal byvoorbeeld in sekere domeine gebruik en ‘n ander taal in ander domeine (Richards *et al.* 1992:115). In Suid-Afrika sal die Afrikaanssprekende ouer byvoorbeeld Afrikaans in die Gesinsdomein gebruik, maar Engels in die Handelsdomein.

Die tipes en aantal domeine wat deur sosiolinguïste vasgestel en gebruik word, verskil ietwat. Schmidt-Rohr onderskei die volgende nege domeine van taal, naamlik die gesin, die speelgrond en die straat, die skool (onderverdeel in taal van onderrig, onderwerp van onderrig en taal van ontspanning en vermaak), die pers, die weermag, die howe en die staatsdiens (Fishman 1972:80). Alle spraak tydens verbale interaksie vind in ‘n fisiese omgewing plaas, word geplaas in ‘n bepaalde spraakkonteks en handel oor ‘n bepaalde onderwerp. Die onderwerp hang af van die heersende psigologiese omstandighede (intensie, houdings) en van die sosiale kenmerke van diegene wat in gesprek verkeer

(posisie, rolle) (Dittmar 1976:165). Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat 'n domein uit ten minste drie samestellende komponente bestaan, naamlik:

- i) die deelnemers aan 'n gesprek;
- ii) die plek waar dit plaasvind;
- iii) die onderwerp van bespreking.

Die deelnemers of gespreksgenote word gekarakteriseer deur kenmerke soos ouderdom, geslag, sosiale status, sosio-ekonomiese agtergrond, asook die tipe verhouding wat tussen die twee gespreksgenote bestaan. Hierdie verhouding sal die graad van intimiteit of formaliteit wat die deelnemers in verhouding tot mekaar vertoon, bepaal. Daar bestaan uiteraard 'n magdom plekke waar gesprekke kan plaasvind. Talle van hierdie plekke sal geen bepaalde invloed op die tweedetaalspreker se taalkeuse uitoefen nie. Dit is egter so dat daar plekke is waar dit waarskynliker is dat 'n bepaalde taal gebruik sal word, in plaas van die ander. Die onderwerp van bespreking word al 'n geruime tyd beskou as 'n belangrike faktor wat taalkeuse bepaal. Individuele sprekers sal gewoonlik 'n voorkeur hê vir 'n bepaalde taal wanneer hulle oor 'n sekere onderwerp praat. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie die onderwerp as sodanig is wat die taalkeuse bepaal nie, maar die persoonlike ervaring en persepsie wat die spreker oor die bepaalde onderwerp het (Hoffmann 1991:178-179).

Die taalgebruikspatrone wat in bepaalde veeltalige taalgemeenskappe voorkom, hang gedeeltelik saam met:

- i) die faktore wat in die eerste plek bygedra het tot taalkontak;
- ii) die kragte wat bepaal tot watter mate die betrokke tale gebruik word;
- iii) die funksies wat aan elke taal toegeken word, hetsy deur die sentrale regering, die plaaslike owerheid of individue (Hoffmann 1991:163).

Die afleiding kan dus gemaak word dat taalkeuse bepaal word deur linguïstiese oorwegings, sowel as deur eksterne en interne faktore.

5.6 Die onderskeid tussen verskillende tipes gemeenskapstweetaligheid

Geen twee lande vertoon identiese patrone van veeltaligheid nie. Die rede hiervoor is dat verskillende stelle faktore betrekking het op elke gemeenskap. Voorts sal die reaksie van elke individuele lid van die samelewing op hierdie faktore ook uniek wees. Dit is egter

moontlik om tussen verskillende basiese tipes veeltaligheid te onderskei (Hoffmann 1991:164).

5.6.1 Horisontale- versus vertikale tweetaligheid (diglossie)

Die term horisontale tweetaligheid beskryf die situasie in lande waar verskillende tale gelyke status geniet. Daar word egter selde aan die vereistes vir gelyke status voldoen. Italiaans, Romaans, Frans en Duits het byvoorbeeld gelyke amptelike status in Switserland, maar Italiaans en Romaans word minder algemeen gebruik as die ander twee tale. Daar kan dus gesê word dat 'n laer sosiale status aan laasgenoemde tale toegeken word (Hoffmann 1991:165). Dieselfde situasie speel hom in Suid-Afrika af. Ten spyte van die feit dat daar aan elf tale amptelike status verleen is, geniet Engels voorrang.

In alle taalgemeenskappe word algemeen gevind dat verskillende sosiale en streeksdialekte op wyses gebruik word wat 'n funksionele skeiding van taalvariëteite reflekteer. Daar bestaan egter spraakgemeenskappe waar alle sprekers ten minste twee variëteite moet ken, omdat elke taalvorm geassosieer word met 'n spesifieke stel sosiale funksies. Hierdie taalsituasie staan bekend as vertikale tweetaligheid of diglossie (Fishman 1972:135-136). Diglossie word beskryf as 'n stabiele situasie en het drie bepalende kenmerke of kriteria.

- i) Twee afsonderlike variëteite van dieselfde taal word in die gemeenskap gebruik. Een word beskou as 'n hoë (H) variëteit en die ander as 'n lae (L) variëteit.
- ii) Elke variëteit word vir afsonderlike funksies gebruik; die Hoë en die Lae variëteite komplementeer mekaar.
- iii) Niemand gebruik die Hoë variëteit in alledaagse gespreksvoering nie (Holmes 1992:32).

Die Hoë variëteit of funksie van 'n taal word byvoorbeeld gebruik vir nuusuitsendings, koerantberigte, kerkdienste en universiteitslesings. Die Lae variëteit word byvoorbeeld gebruik in gesprekke met vriende en familieledes, informele radioprogramme, vloek en grappe vertel (Steyn 1980:15-16). Klassieke Arabies (hoë taal) word byvoorbeeld gebruik vir nuus, parlementêre debatte en poësie. Moderne Arabies (lae taal) word gebruik vir byvoorbeeld volksletterkunde, spotprente en sepie (Traugott en Pratt 1980:374).

Diglossiese situasies reflekteer dikwels ongelykhede in die samelewing. Moedertaalsprekers van die Hoë variëteit neig om dié te wees wat meer mag geniet as moedertaalsprekers van die Lae variëteit. Diglossie versterk voorts ook die neiging tot elite afsluiting, wat bydra tot die handhawing van sosiale ongelykheid. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat dié wat vaardiger in die Hoë variëteit is, makliker daartoe in staat is om effektief deel te neem aan invloedryke openbare domeine. Dit is vir hierdie sprekers makliker om toegang te verkry tot opvoedkundige- en ekonomiese geleenthede, asook sosiale dienste (Chick en Wade 1999:3).

Dit is vir twee taalvariëteite moontlik om vir eeue lank sy aan sy te bestaan, soos byvoorbeeld die geval in Arabiessprekende lande en in Haïti. Alternatiewelik kan een variëteit die ander geleidelik vervang. Latyn het byvoorbeeld sy posisie as Hoë taal in Europa verloor, namate die Lae variëteite geleidelik uitgebrei en deurgesyfer het na die meer formele domeine. Indonesies is 'n voorbeeld van 'n taal wat op die dorpsmark begin het, maar uitgebrei het na alle domeine. Vandag is Indonesies die nasionale taal van Indonesië (Holmes 1992:39,64).

Die groei of agteruitgang van 'n taal hang saam met die toename of afname in hoë funksies. Hoë funksies hou dikwels verband met sosio-ekonomiese status en mag. Hoe minder funksies 'n taal het, hoe kleiner is sy oorlewingskans. Die verlies van die hoë funksies lei dikwels, maar nie noodwendig nie, tot 'n verlies van lae funksies. Wanneer 'n taal sy vernaamste lae funksie (die huistaal) verloor het, lei dit gewoonlik tot taaldood (Steyn 1980:17-18).

Volgens Fishman (1972:145) is tweetaligheid essensieel 'n kenmerk van individuele linguïstiese veelsydigheid. Diglossie daarenteen, is 'n karakterisering van die funksies wat deur die gemeenskap aan verskillende tale of variëteite toegeken word.

5.6.2 Triglossie/Poliglossie

Triglossie kom voor waar drie tale betrokke is. In Nigerië is Engels die amptelike taal wat gebruik word vir byvoorbeeld onderwys. *WAPE* (West African Pidgin English) word gebruik vir kommunikasie tussen sprekers van ander Afrikatale, veral vir handeldryf. Die moedertaal van 'n streek, byvoorbeeld Yoruba, word vir die meeste ander funksies gebruik (Traugott en Pratt 1980:374).

Dit is ook moontlik dat meer as drie tale gebruik kan word. Die term *poliglossie* word in situasies gebruik waar meer tale op 'n gereelde basis deur 'n gemeenskap gebruik word. Mense soos die Kalala in Bakavu gebruik byvoorbeeld talle verskillende kodes vir verskillende doeleindes. In die eerste helfte van die negentiende eeu was talle Maori's in Nieu Zeeland tweetalig in Engels en Maori. Die omgangstaal was die Lae variëteit van Maori wat met vriende, familie en in talle winkels gebruik is. Bykomend het hierdie gemeenskappe ook van twee Hoë variëteite gebruik gemaak. Hulle het 'n formele variëteit van Maori vir seremoniële doeleindes gebruik en vir formele interaksie op die "marae" (die formele ontmoetingsplek). Die ander Hoë variëteit wat gebruik is, was Engels. Engels was die skooltaal, die regeringstaal, die taal van die howe en van alle amptelike transaksies met nie-Maorisprekende Nieu Zeelanders (Holmes 1992:38-39).

5.6.3 Territoriale eentaligheid versus territoriale tweetaligheid

Territoriale eentaligheid beteken volgens (Hoffmann 1991:165) "... that in each language area of a state linguistic provision is offered in only one language". Alhoewel Switserland 'n veeltalige land is, kan die meeste inwoners van die land eentalig bly, sou hulle dit so verkies. In grensgebiede is wydverspreide territoriale tweetaligheid meer algemeen. Dit kom voor in talle dorpe naby die grens in Frans- en Duitssprekende België. In lande met amptelike territoriale tweetaligheid word beide tale sy aan sy gebruik. Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld hiervan.

5.6.4 Endoglossie versus eksoglossie

State wat een of meer inheemse tale as die primêre media van kommunikasie op nasionale vlak gebruik, word as endoglossiese state geklassifiseer (Heine 1992:23). Engels is byvoorbeeld endoglossies vir Brittanje, Australië en die V.S.A., maar nie vir state soos Ghana of Singapoer nie, al is Engels 'n belangrike taal en medium van onderrig in hierdie lande (Richards *et al.* 1992:123). Daar kan onderskei word tussen lande wat 'n aktiewe- en dié wat 'n nie-aktiewe endoglossiese beleid volg.

Lande wat 'n aktiewe endoglossiese beleid volg, is volkome verbind tot die ontwikkeling van die inheemse taal, of tale, in lewensvatbare media van alle belangrike kommunikasie. Die plaaslike taal/tale word in die regering, administrasie en onderwys (op beide primêre- en sekondêre vlak) gebruik. Vreemde- of uitheemse tale word slegs vir hoogs spesifieke domeine gereserveer, soos universiteitsopleiding en internasionale

verhoudings. 'n Aktiewe endoglossiese beleid dien bo alles om sosiokulturele onafhanklikheid van die buitewêreld te bevorder, veral die onafhanklikheid van Westerse kulture en -ideologieë. Die oogmerk van sodanige beleid is om òf die tradisionele struktuur of sosiale organisasie en regering te herstel, òf om 'n nuwe struktuur wat gebaseer is op tradisionele waardes te skep, òf beide. In die meeste gevalle word 'n aktiewe endoglossiese beleid geassosieer met 'n politieke filosofie, wat die maksimum deelname van die bevolking aan regeringsprosesse bevorder. Die gevolg van so 'n beleid is, dat daar by Jan Alleman nie 'n behoefte ontstaan om 'n uitheemse taal aan te leer nie. Voorbeelde van lande wat 'n aktiewe endoglossiese beleid volg is: Tanzanië (Swahili), Somalië (Somali), Soedan (Arabies), Ethiopië (Amhaars) en Guinee (8 tale - naamlik Fula, Manding, Susu, Kisi, Kpelle, Loma, Basari en Koniagi) (Heine 1992:24).

In nie-aktiewe endoglossiese lande wil dit voorkom asof daar 'n opmerklieke gaping tussen die verklaarde taalbeleid en die werklike taalgebruikspatrone bestaan. Die bevordering van die inheemse tale op alle nasionale vlakke mag die verklaarde doel of beleid van die regering wees, maar die belangrikste regeringsbeheerde linguïstiese kommunikasie bly beperk tot 'n uitheemse taal (Heine 1990:171). Voorbeelde van lande wat 'n nie-aktiewe endoglossiese beleid volg is: Botswana (Tswana), Burundi (Rundi), Lesotho (Sesotho), Malawi (Chewa), Rwanda (Kinyarwanda) en Swaziland (siSwati) (Heine 1992:24).

Lande wat vreemde tale as die primêre media van kommunikasie gebruik, word as eksoglossiese lande beskou. Die meerderheid state in Afrika is eksoglossies. Hierdie lande het 'n vreemde taal as hulle nasionale amptelike taal verklaar. Hierdie taal is die enigste medium van regeringsbeheerde nasionale kommunikasie in die domeine van administrasie of onderwys. (Die plaaslike taal mag moontlik vir die eerste vyf jaar van primêre onderwys gebruik word.) Dit wil voorkom asof die meeste eksoglossiese state ernstige linguïstiese kommunikasieprobleme in die gesig staar. Dwarsoor die Afrika-kontinent het die Europese tale die minderheidstale gebly. Met die uitsondering van die hoër-middelklas, het hierdie tale ook in die meeste van die lande nie die massas bereik nie. Europese tale bevat voorts ook onderwerpe en inhoud wat vreemd is aan die Afrika-kulture en sosiale netwerke (Heine 1992:27).

5.6.5 Gemengde state

Tussen die ekstreme van endo- en eksoglossie waaroor daar hierbo kommentaar gelewer is, kom daar ook state voor wat gedeeltelik endo-, en gedeeltelik eksoglossies is. In hierdie state word die nasionale- en amptelike funksies verdeel tussen 'n inheemse- en 'n nie-inheemse taal. Hierdie situasie is tiperend van die Asië Statebond. Indië is 'n uitstekende voorbeeld en demonstreer die inherente probleme wat met sodanige besluit saamhang. Hindi is die nasionale amptelike taal, terwyl Engels 'n bykomende amptelike taal is. Veertien inheemse tale dien as streeks amptelike tale in seker state (Bell 1976:171).

5.7 Die uitwerking van tweetaligheid op taalgebruik

Wanneer tale met mekaar in kontak kom, vind die ontlening van taalelemente gewoonlik plaas (Landar 1966:135). Tweetaligheid affekteer dus nie slegs die spraak van die individu, soos in interferensie, ontlening en kodewisseling nie, maar affekteer ook die taal self (Grosjean 1982:332). Die terme kodewisseling, interferensie en ontlening word later verder omskryf. Daar bestaan volgens Seliger (1989:174) 'n metaforiese en simbiotiese verhouding tussen tale in kontak op sowel 'n gemeenskapsvlak, as in die bewussyn van die individuele spreker. Met die uitsondering van die “gebalanseerde tweetalige”, verkeer tale in individue gewoonlik in kompetisie vir spasie en dominansie. Indien die spreker oor kompetensie in twee of meer tale beskik, is die volgende patrone moontlik:

- i) Die tweetalige is in staat om die twee tale outonoom te handhaaf. In hierdie geval vind min of geen kodewisseling tussen die twee tale plaas nie. 'n Duidelik gedefinieerde sosiolinguistiese rol en domein word aan elke taal toegeken.
- ii) Die tweetalige mag die tale bewustelik of onbewustelik wissel, afhangende van die taalvaardighede van die ander gespreksgenote, kontekstuele stimuli, of die aanvaarbaarheid van kodewisseling as sosiale norm.
- iii) Die tweetalige kan sin verloor van wat grammatikaal vir een of beide tale is en nie in staat wees om die vermenging van die twee tale te beheer nie. Die tweetalige mag nie bewus wees van die oordrag en die vermenging van

elemente van een taal na 'n ander nie, asook die skepping van nuwe norme in die “gas” taal nie (Seliger 1989:176).

5.7.1 Kodewisseling

Kodewisseling behels die alternatiewe gebruik van twee tale of taalvariëteite binne dieselfde uiting, of gedurende dieselfde gesprek. Kodewisseling kan in 'n gesprek voorkom wanneer een spreker een taal gebruik en die ander spreker in 'n ander taal antwoord (Richards *et al.* 1992:58).

Kodewisseling is 'n baie belangrike aspek van tweetaligheid en kom natuurlik voor wanneer twee tweetalige sprekers in kontak is. Tweetaliges is dikwels nie eens daarvan bewus dat hulle kodes wissel nie. Kodewisseling vervul 'n belangrike sosiale funksie. Sommige taalwetenskaplikes beskou kodewisseling as onvermydelik en is van mening dat dit tweetalige sprekers help om beter uitdrukking aan betekenis te gee. Kodewisseling moet nie met leenwoorde verwar word nie (Cheng en Butler 1995:96). Poplack (1979:72) beweer: “... code-switching is a verbal skill requiring a large degree of competence in more than one language, rather than a defect arising from insufficient knowledge of one or the other ...”. Hierdie siening ondersteun die nosie dat kodewisseling 'n positiewe verskynsel is.

Ander taalwetenskaplikes, byvoorbeeld Sanches (1987), is egter van mening dat kodewisseling die suiwerheid van die taal nadelig beïnvloed, eerder as om kommunikasie tussen tweetaliges te bevorder. Daar bestaan bykans geen situasie waar twee of meer tale in intieme kontak is en kodewisseling nie voorkom nie (Duràn 1981:23). Ellis (1984:87) beweer dat kodewisseling 'n algemene verskynsel onder die elite in talle ontwikkelende lande is. Die plaaslike tale word dikwels vermeng met die dominante internasionale- of post-koloniale tale wat in die streek gepraat word.

Volgens 'n sosiolinguistiese navorsingsverslag deur Pansat (September 2000), vind kodewisseling in Suid-Afrika veral onder siSwati-sprekers plaas (62%). Hierdie sprekers wissel oorwegend na isiZulu (50% van die 62%), Engels (19% van die 62%) en Xitsonga (14% van die 42%). Die redes vir hierdie algemene voorkoms van kodewisseling sluit in:

- i) Die noue interaksie wat hierdie sprekers met die isiZulu-sprekers in Noord-KwaZulu Natal het.
- ii) Die noue interaksie met die Xitsonga-sprekers in Suid-Oos Mpumalanga.

Die ander hooftale wat by kodewisseling betrokke is, is Engels (32%), Afrikaans (13%), isiZulu (10%) en Sesotho (9%). Kodewisseling kom minder algemeen by die ander oorblywende amptelike tale voor. Navorsing deur Webb (1994) het aan die lig gebring dat daar by Afrikaans heelwat meer kodewisseling en ontlening plaasvind, as by Engels. Volgens Webb (1994:439) kan kodewisseling moontlik 'n aanduiding van taalhouding wees (sien 8.6.3).

Daar kan volgens die lengte van die naasmekaarstellende uitinge tussen verskillende tipes kodewisseling onderskei word.

5.7.1.1 Intersin wisseling

'n Wisseling van tale kom in die middel van die bysin voor. Daar is geen vermenging binne die individuele bysinne nie (Romaine 1995:4-5). In die volgende voorbeeld vind 'n wisseling tussen Engels en Afrikaans op hierdie wyse plaas: *Mister Chairman this man is mad, mister Chairman, hy kannie so maak nie* (Malan 1996:133).

5.7.1.2 Intrasin wisseling

Romaine (1995:4) omskryf intrasin wisseling as gevalle "... where a switch mixing of languages occurs within the boundaries of a clause or sentence ...". 'n Illustrasie van intrasin wisseling is die volgende: Ek het *a careless mistake* gemaak (De Klerk en Bosch 1998:47).

5.7.1.3 'n Woord binne 'n sin

Slegs een woord in 'n sin is betrokke. In 'n onderhoud wat Angola Badprop met BVK gevoer het (Jip, Beeld 6 September 2000), kom talle voorbeelde voor. Die volgende dien as illustrasie: Ek het eenkeer 'n *lift* gekry saam met van die ouens, vertel Ready D.

Navorsing deur Vaid (1980) en Timm (1978) het aan die lig gebring dat in die meeste gevalle waar kodewisseling van een of twee woorde plaasvind, dit hoofsaaklik inhoudswoorde soos selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde of werkwoorde, eerder as voorsetsels of voegwoorde is.

5.7.2 Interferensie

Grosjean (1982:299) omskryf interferensie as die onwillekeurige invloed van een taal op die ander. Volgens Romaine (1995:51) is interferensie die produk van die individuele

tweetalige se gebruik van meer as een taal in daaglikse (alledaagse) interaksie. Interferensie kan sporadies en idiosinkraties wees.

5.7.2.1 Interferensie op fonologiese vlak.

'n Vreemde aksent is dikwels 'n direkte refleksie van interferensie op fonologiese vlak. Interferensie kom voor wanneer 'n tweetalige 'n spraakklank van die sekondêre taalsisteem met een in die primêre taalsisteem identifiseer. Wanneer die tweetalige die spraakklank reproduseer, word die spraakklank aan die fonetiese reëls van die primêre taalsisteem onderwerp. Die volgende voorbeeld dien as illustrasie. In Portugees is daar geen *ch* klank (soos in *church*) nie, daarom vervang talle Portugees-Amerikaners die *ch* klank met *sh*. Die klank kom in Portugees voor. Die spreker sal dan sê *shicken*, in plaas van *chicken*. Interferensie in intonasie kan 'n permanente kenmerk by die volwasse tweetalige word (Grosjean 1982:300-301).

5.7.2.2 Interferensie op grammatikale vlak

Hierdie tipe interferensie behels dikwels aspekte van sintaksis soos woordorde, die gebruik van voornaamwoorde en determineerders, voorsetsels, tyd en aspekte van stemming (Hoffmann 1991:97). Die volgende voorbeeld illustreer die verkeerde gebruik van 'n voorsetsel: He is sleeping on the moment (De Klerk en Bosch 1998:47).

Die leerder het die Afrikaanse voorsetsel *op* verkeerdelik met *on* vertaal. Daar was 'n interferensie van die eerste taal (Afrikaans) op die tweede taal (Engels).

5.7.2.3 Interferensie op leksikale vlak

Interferensie op leksikale vlak is waarskynlik die mees problematiese kategorie vir taalwetenskaplikes om van rekenskap te gee. In die ander tipes interferensie kan daar min twyfel bestaan dat die kriterium van onwillekeurige gebruik konsekwent en oortuigend toegepas word. Op woordvlak ontstaan 'n ander situasie. Die tweetalige kan 'n woord by een taal leen, wanneer daar in die ander taal met 'n eentalige gepraat word. Die spreker kan dit op 'n *ad hoc* basis, of op 'n meer permanente wyse doen. Die spreker kan dieselfde doen wanneer hy met 'n ander tweetalige praat. Die geleende item kan selfs aangepas word met die gepaste morfologie om sodanig die ontleding minder opvallend te maak (Hoffmann 1991:99). In die voorbeeld, Hy moet gefine word of hy moet gesuspend word (Malan 1996:133), voeg die spreker 'n *ge-* voor die werkwoord, om dit soos die

Afrikaanse verledetydsvorm te laat lyk. Die interferensie was duidelik van die tweetalige se sterker taal (Afrikaans), na die swakker taal (Engels).

5.7.2.4 Interferensie in spelling

Interferensie in spelling is die oordrag van die skryfkonvensies van een taal na 'n ander (Hoffmann 1991:100). Die Engels-Afrikaans tweetalige sal byvoorbeeld in Afrikaans die aanspreekvorm van 'n persoon binne 'n sin met 'n hoofletter skryf, soos dit die geval is in Engels. Hy ken Mnr. Pienaar, in plaas van Hy ken mnr. Pienaar. Die leerder volg die Engelse spelreëls wat hy beter ken (Eksteen, Combrink en Van Aardt (1975:146).

5.7.2.5 Die onderskeid tussen statiese- en dinamiese interferensie

Statische interferensie reflekteer permanente tekens van interferensie van een taal op 'n ander. Voorbeelde hiervan is 'n permanente aksent of spesifieke sintaktiese strukture. Dinamiese interferensie is kortstondige indringing op die ander taal. 'n Voorbeeld hiervan is die toevallige glip op die aksentpatroon van 'n woord, wat te wyte is aan die aksentreëls van die ander taal (Grosjean 1994:1657).

5.7.3 Ontlening

Haugen (1969) onderskei tussen twee hoofipes ontlening, naamlik leenwoorde en leenverskuiwings. Leenwoorde word gedeeltelik of as 'n geheel van die ander taal oorgeneem en foneties en morfologies by die basistaal aangepas (Grosjean 1982:313). Enkele voorbeelde van leenwoorde uit Engels wat in Afrikaans voorkom, is *telefoon*, *rugby* en *parlement*. Hierdie woorde is uit Engels ontleen, omdat daar nie Afrikaanse ekwivalente was nie. Uit Hottentots het Afrikaans byvoorbeeld woorde soos *dagga*, *karee* en *kierie* ontleen. Die ontlenings verryk die eerste taal. Afrikaanse moedertaalsprekers is dikwels nie eers daarvan bewus dat hierdie woorde uit ander tale ontleen is nie (Eksteen *et al.* 1975:143-144). Volgens Haugen (1969) kan leenwoorde verder onderverdeel word in suiwer leenwoorde en leenvermengings. By leenvermengings word die een deel van die woord ontleen, terwyl die ander deel aan die basistaal behoort. Grosjean (1982:313) gebruik die voorbeeld van *Gumbaum (Gumtree)*. Die eerste deel van die samestelling is Engels en die tweede Duits.

Haugen (1969) onderskei ook tussen twee tipes leenverskuiwings, naamlik uitbreidings en leenvertalings. Uitbreidings (semantiese ontlenings) is die uitbreiding van die

betekenis van die woord in die basistaal, sodat dit ooreenkom met die betekenis van 'n woord in die ander taal. Portugees-Engelse tweetaliges in die V.S.A. het die Portugese woord *humeroze* (wispelturig), se betekenis uitgebrei na die Engelse woord *humorous*. Leenvertalings behels die herrangskikking van woorde (of morfeme) in die basistaal, sodat dit ooreenstem met die patroon van die ander taal. Leenvertalings word gevind by samestellings en idiomatiese uitdrukkings. Talle tweetaliges leen idiomatiese uitdrukkings deur hulle letterlik te vertaal in die taal wat hulle praat (Grosjean 1982:317-319). Die Engels-Afrikaanse tweetalige sal byvoorbeeld die Engelse idioom *The cat is out of the bag*, direk vertaal met Die kat is uit die sak, in plaas van Die aap is uit die mou. Uitbreidings en leenvertalings kan volgens Grosjean (1984:319) geleidelik die oorspronklike uitdrukking vervang. Mettertyd kan die tweetalige begin glo dat leenverskuiwing inderdaad die norm en nie die uitsondering is nie. Hierdie norme is volgens Romaine (1995:51) anders as dié wat deur eentaliges nagekom word, wat die taal elders gebruik. In sommige langtermynsituasies van intensiewe taalkontak kan verreikende strukturele veranderinge plaasvind, sodat die produk 'n gemengde taal is (Romaine 1995:67).

5.8 Taalagteruitgang

Seliger en Vago (1991:2) beweer dat die eerste taal kan verswak deur toenemende gebruik van die tweede taal. Seliger (1989:176) omskryf taalagteruitgang as “... an example of language mixing in which two systems are mixed inappropriately at some level”. Soos reeds genoem, bestaan die moontlikheid dat die tweetalige soms sin verloor van wat grammatikaal korrek vir een of beide tale is. Die tweetalige is dan nie in staat om die vermenging van die twee tale te beheer nie. Volgens Seliger en Vago (1991:7) “... there are two principal forces bearing on the linguistic forms of attriting L1 grammars”. Die eerste krag sluit fenomene soos interferensie, ontlening en kodewisseling in. Hierdie veranderinge word ekstern geïnduseer. (Die invloed vanaf 'n ander taal.) Eerstetaal agteruitgang word ook gekarakteriseer deur veranderinge wat intern geïnduseer word. Volgens Seliger en Vago (1991:10) “... the modification of linguistic forms is either motivated by universal principles or is related to some fact in the particular grammar of L1”. Seliger (1989:173) beweer dat taalagteruitgang gemotiveer word deur die beginsel van oortolligheids (redundansie) reduksie. Indien in beide tale 'n reël bestaan wat dieselfde semantiese funksie vervul, sal die weergawe van die reël wat formeel minder kompleks is en wyer taalverspreiding het, die meer komplekse reël vervang. In

die geval van eerstetaal agteruitgang, sal die wyer verspreide reëls van die tweede taal, dié van die eerste taal vervang. Volgens Clyne (1992:23) wil dit voorkom “... that a less complex system is more likely to undergo further simplification than a more complex one”. Nederlands het byvoorbeeld twee meervoudsuitgange, terwyl daar sewe in Duits is. In Nederlands word die *-en* uitgang baie meer algemeen gebruik as die ander meervoudsuitgang *-s*.

Navorsing deur Clyne (1992) het aan die lig gebring dat Nederlandse moedertaalsprekers in Australië meer deur Engels beïnvloed word, as die Duitse moedertaalsprekers. Die Nederlandse moedertaalsprekers is geneig om weens die Engelse invloed, die *-en* uitgang met *-s* te vervang, byvoorbeeld *koeis* en *zondags*. Seliger en Vago (1991:3) is van mening dat die agteruitgangsverskynsels by individuele tweetaliges, sowel as in tweetalige gemeenskappe (hetsy inheems of immigrant) ontwikkel. In die uiterste gevalle kan taalagteruitgang lei tot taaldood.

5.9 Faktore wat bydra tot gemeenskapstweetaligheid

Veeltaligheid is die gevolg van ‘n verskeidenheid faktore, waarvan slegs enkeles hier bespreek word.

5.9.1 Historiese faktore

5.9.1.1 Militêre oorwinnings

Militêre besetting en anneksasie is een van die oudste wyses waarop ‘n taal versprei word. Grieks, Latyn en Arabies het in die vroeë geskiedenis talle wêrelddele op hierdie wyse bereik. In sekere gebiede was hierdie tale instrumenteel in radikale politieke- en administratiewe veranderinge. Nadat die politieke mag getaan het, het die invloed van hierdie tale ook verminder (Hoffmann 1991:158).

5.9.1.2 Politieke besluite

Politieke huwelike, besetting en opvolgsooreenkomste bring dikwels veranderinge in die linguïstiese aard van spesifieke gebiede teweeg. Die huwelik van Isabel van Castile en Ferdinand van Aragon in 1469, het die begin van die einde vir Katalaans en die dominansie van Kastiliaans in Spaans Katalonië ingelui (Heath en Laprade 1982:121-122).

5.9.1.3 Kolonisering

Groot gebiede van die Amerikas, Afrika en Asië is hoofsaaklik vanaf die sestiende eeu af deur koloniale magte van die tyd gekoloniseer. Die Britte en Hollanders het essensieel 'n pragmatiese posisie ingeneem. Hollands en later ook Engels is gebruik vir administrasie en hoër ekonomiese funksies. Vir die Spanjaarde en Portugese het kolonisering ook die verspreiding van die Christelike godsdiens beteken (Hoffmann 1991:159). Die inwoners van die land wat gekoloniseer is, verkeer onder groot politieke- en ekonomiese druk om die taal van die heerser aan te leer. In teenstelling hiermee, het die sprekers van die dominante taal selde die behoefte om die taal van gekoloniseerde inwoners aan te leer (Wolfson 1989:259-261).

5.9.1.4 Migrasie en immigrasie

Migrasie en immigrasie is 'n verskynsel so oud soos die mensdom self. Daar kan tussen gedwonge migrasie en vrywillige migrasie onderskei word. Deportasie, gedwonge hervestiging en slawerny is almal voorbeelde van gedwonge migrasie. In sommige gevalle mag gemeenskappe en selfs hele nasies betrokke wees. In ander gevalle is slegs individue betrokke. Die aard van die taalkontak en die tweetaligheid wat daaruit voortspruit, hang af van die grootte en die saamhorigheid van die groep, relatief tot die gebied van hervestiging en die status wat met hierdie tale geassosieer word (Lewis 1980:36).

Vrywillige migrasie is die doelbewuste vrywillige en beplande beweging van persone of groepe persone van een geografiese lokaliteit na 'n ander. Migrasie kan tydelik of permanent wees (Swart 1973:147). Permanente migrasie is “ ... a moving away of a collectivity from one location to another” (Lewis 1980:34). Hierdie beweging van kollektiwiteit behels nie noodwendig die permanente vertrek van die hele stam of nasie vanaf sy oorspronklike tuiste nie. Dit is eerder 'n diffusie van groter groepe oor nuwe gebiede waar hierdie groepe dan met verskeie ander tale en etniese groepe in kontak kom. Dit was die geval met die Kelte wat van hulle oorspronklike tuiste in Suid-Duitsland en 'n gedeelte van Bolivië oor feitlik die hele sentraal Europa, insluitende Tseggo-Slowakye versprei het. Later het hulle ooswaarts na Thracië, suid na Italië, die hele Gallië en die grootste deel van Spanje versprei. Hulle het later verder wes na die Britse Eilande beweeg. As gevolg hiervan het hulle belangrike tweetalige gemeenskappe geskep, wat

verteenwoordig word deur die tale wat nog steeds in Frankryk en Engeland gepraat word (Lewis 1980:34).

5.9.1.5 Federasie

Federasie, hetsy geforseerd of vrywillig, dra ook by tot gemeenskapstweetaligheid. Switserland en België het 'n vrywillige federasie gevorm. In beide lande het die taalgroepe wat gevorm is, amptelike status verkry. Geforseerde federasie was dikwels die gevolg toe Europese koloniale gebiede in Afrika en Asië onder een administrasie saamgevoeg is (Hoffmann 1991:160).

5.9.2 Kontemporêre faktore

5.9.2.1 Neo-kolonialisme

Die meeste voormalige kolonies is vandag onafhanklike state. Imperialisme het egter sy erfenis op linguistiese gebied nagelaat. Neo-kolonialisme word gekarakteriseer deur ekonomiese-, dikwels gekoppel met politieke afhanklikheid en deur die handhawing van die ou koloniale taal. Linguistiese imperialisme kan gesien word as die gevolg van ekonomiese dominansie. Talle van die voormalige state het die ou koloniale taal as die enigste, of as die gesamentlike amptelike taal behou. In party gevalle is dit gerieflikheidshalwe, of weens gebrek aan finansies, behou (Hoffmann 1991:161). In ander lande, soos byvoorbeeld Indië, word Engels ten spyte van die 1947 konstitusie wat Hindi as die nasionale taal ingestel het, steeds as skakeltaal gebruik. Engels dien as neutrale medium vir kommunikasie tussen verskillende etniese groepe (Wolfson 1989:282-287). In Tanzanië het Swahili die nasionale taal geword. In die buurstaat Kenia, is Engels die prestige taal. Indien 'n Keniaan nie Engels praat nie, beteken dit gewoonlik dat sy formele onderrig nie verder as primêre vlak strek nie (Harries 1982:123-124).

5.9.2.2 Mobiliteit

Mobiliteit het 'n kriterium van 'n nuwe era geword. Hedendaagse immigrasie en migrasie van arbeid dra nog steeds by tot die verspreiding van tale dwarsoor die wêreld. Die nuwe immigrante neem hulle tale saam met hulle. Hierdie mobiliteit hou verreikende gevolge vir hierdie groepe in. Hulle kom nuwe tale en partykeer onverenigbare kulture teë. Die individu word gedwing om weer 'n linguistiese kompetensie op te bou, wat deur sy omgewing aanvaar word. Party groepe vorm hulle eie gemeenskappe en slaag daarin om ten spyte van groot druk om te assimileer, hulle tale te handhaaf (Ehlich 1994:105). 'n

Voorbeeld hiervan is die Spaans/Engelse gemeenskap in Oos-Haarlem, New York. Ten spyte van ongunstige houdings van die nie-Hispaanse bevolking oor die algemeen teenoor die Porto-Ricaanse taal en kultuur, is daar selfs onder die derde geslag tweetaliges nog geen aanduiding van taalverskuiwing nie (Poplack en Sankoff 1984:99).

Die naoorlogse ekonomiese bloei in talle Europese lande het groot getalle werkers van Mediterreense lande na hierdie lande laat stroom. Talle politieke vlugteling van die Midde- en Verre-Ooste het na sommige Skandinawiese- en Europese lande gevlug. Dit is op hierdie stadium nog te vroeg om te bepaal tot watter mate hierdie groepe die taal van die gaslande sal aanleer en vir hoe lank tweetaligheid 'n kenmerk onder hierdie groepe sal bly. Tweetaligheid is tans nog beide 'n individuele-, sowel as 'n groepverskynsel onder immigrante groepe waar elke taal spesifieke funksies vervul (Hoffmann 1991:162).

5.9.2.3 Taalbevordering

Taalbevordering verwys na regeringsbesluite soos gereflekteer in goedomskrewe taalbeleide. Hierdie faktor kan tot 'n groot mate bydra tot die verspreiding van veeltaligheid. Die mees flagrante vorm van taalbeleid is waar die regering een offisiële taal in 'n bepaalde gebied instel deur die plaaslike taal te onderdruk (Steyn 1980:26). Soos aangetoon in die hoofstuk *Histories-Linguistiese Oorsig oor Taal in Suid-Afrika*, het Suid-Afrika 'n tradisie van taalbeplanning wat teruggevoer kan word na die vestiging van die eerste Blankes in die land. Aanvanklik was daar die beleid van verhollandsing soos toegepas deur die Oos-Indiese Kompanjie van die voormalige Kaap, waarop die beleid van verengelsing gevolg het. Gedurende die bewind van die Nasionale Party, is 'n beleid van tweetaligheid (Engels en Afrikaans) gevolg. Gedurende hierdie twee tydperke is bepaalde taalbeleide afgedwing sonder inagneming van die behoeftes van die andertaalsprekers. Volgens Du Plessis (1985:4) hou talle van die produkte van taalbeplanning wat huidiglik in Suid-Afrika bestaan, op een of ander wyse verband met hierdie vroeë geskiedenis. Taalbeleide kan ook 'n meer aanvaarbare karakter hê. 'n Voorbeeld hiervan is die maatreëls wat ingestel is om moderne Hebreeus in Israel te bevorder (Spolsky 1991). Taalbevordering kan ook die vorm aanneem van taalherwinning. Die doel hiervan is om die agteruitgang van die taal te stuit, of om sy sprekers in staat te stel om die taal te gebruik as 'n uitdrukkingswyse van hul nasionale identiteit (Fellman 1974).

In Suid-Afrika is die Khoisan-taal aan die uitsterf. Die SABC stel nou 'n radiodiens na die afgeleë gemeenskap van Smidtsdrift in waar sowat 5000 mense woon. Met die nuwe radiostasie wil die regering iets doen om die taal en kultuur van die Khoisan te beskerm. Dit is 'n suiwer gemeenskapsprojek met byna geen advertensiemoontlikhede nie. Volgens mnr. Hawu Mbatha, uitvoerende amptenaar van die SABC, sal hierdie mense se taal en kultuur vir altyd verlore wees as daar nie pogings aangewend word om beskermingsmaatreëls in te stel nie (Beeld 4 Februarie 2000). Die amptelike opening van XK FM op Smidtsdrift het op Vrydag 18 Augustus 2000 plaasgevind (Beeld 21 Augustus 2000).

Die behoefte om internasionaal te kan kommunikeer, het ongetwyfeld gelei tot die bevordering van seker tale, veral Engels (Hoffmann 1991:162). Wolfson (1989:275-276) merk die volgende op:

Other languages have been imposed or spread through the military, cultural, and economic supremacy of their speakers but never before has the spread of a single language been so wide or so deep.

Engels het ongeveer 350 miljoen moedertaalsprekers en word ook wêreldwyd deur ongeveer 'n halfmiljard gebruikers as 'n tweede- en vreemde taal gebruik (Die Burger 16 Oktober 2000). Hoffmann (1991:163) wys daarop dat die faktore wat aanvanklik tot taalkontak gelei het, nie noodwendig dié is wat bydra tot die handhawing van veeltaligheid nie.

5.10 Samevatting

Taalkontak lei onvermydelik tot twee/veeltaligheid. Tweetaligheid is die gevolg van die gebruik van meer as een taalkode. Daar kan tussen twee tipes tweetaligheid, naamlik individuele- en gemeenskapstweetaligheid onderskei word. Die mees uitstaande kenmerk van tweetaligheid is volgens Hoffmann (1991:14), dat dit 'n multi-gefasetteerde fenomeen is wat geen duidelike afsnyppunte het nie. Verskillende tale vervul verskillende funksies in die lewe van die tweetalige. Sekere sosiale faktore speel 'n belangrike rol in taalkeuse in verskillende spraakgemeenskappe.

Tweetaligheid affekteer nie net die spraak van die individu soos in interferensie, ontlening en kodewisseling nie. Dit affekteer ook die taal self. Die eerste taal kan verswak deur die toenemende gebruik en funksie van die tweede taal. Taalagteruitgang

kan ontwikkel, wat nie net die status van die taal ernstig benadeel nie, maar in die uiterste gevalle kan lei tot die uitsterf van die taal.

